Project name: AL3283

Date of interview: 8 December 2009

Location of interview: Rietfontein, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 4 minutes 15 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Inspector Joppie van Staden

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_VANSTADENJOPPIE_20091208_3

| | |
|---|---|
| De Wet | Ek sit hier en gesels met inspekteur Joppie van Staden, afgetrede inspekteur in die polisie wat tot en met 2000 was hy 'n inspekteur by bomopruimingseenheid van die polisie gewees. Joppie, kan jy vir ons vertel die omstandighede, die aard van julle werk en jy sê daar was baie bomdreigemente gewees en so aan. Verduidelik net vir ons van die grusaamste en die belangrikste bomme wat julle moes ontlont het. |
| Joppie | Ja, die belangrikste was toe ek net begin het in einde 1990 was die Hallmarkbom gewees, maar ek sal nou vir jou sê dit was nie 'n geplante bom gewees nie. Dit w as propaganda gewees. |
| De Wet | So wat jy vir ons sê is dit was nie die ANC wat daai bom geplant het nie. |
| Joppie | Nee. |
| De Wet | Wie was dit gewees? |

| | |
|---|---|
| Joppie | Die polisie self. |
| De Wet | So dit was 'n publisiteitstruuk gewees. |
| Joppie | Ja. Heeltemal en dit was nogal 137kg. En no names no pack drill, maar dis nogal snaaks die mense wat hom gemaak het het himself gaan ontlont. Dan is dit mos baie maklik. |
| De Wet | Verduidelik vir ons waar was die bom geplant en die omstandighede en as hy sou afgaan, ek onthou nog destyds was daar berigte gewees, in daardie gebou. As hy daar sou afgegaan het in die middestad van Pretoria sou dit ontsettende skade aangerig het. |
| Joppie | In vergelyking met die Kerkrstraatbom was maar 28 tot 37kg. En dit was buite in die straat gewees dit was nog oop. Daai een was binne-in die gebou. Hallmark is naby die howe, die advokatekantore en alles is daar naby. Heel moontlik sou daardie hele blok van Paul Krugerstraat af en die Plein ongelooflik beskadig gewees het. Dit was alles Russiese oorsprong springstof wat gebruik was. Daardie hele blok sou verwoes gewees het. |
| De Wet | Watter jaar praat ons nou van. |
| Joppie | 1990. |
| De Wet | Ek verstaan dit was in 'n minibus-taxi en dit was in die parkeerterrein onder in daardie gebou en daardie gebou is so ongeveer vyftien verdiepings hoog. |
| Joppie | Hallmarkgebou was in die parkeerterrein op die eerste vloer. Dit was 'n taxi gewees, ja. Net gou dink wat was daardie springstof wat hulle gebruik het. Dit maak nie saak nie dit was alles van Russiese oorsprong en die mense wat hom gaan ontlont het, onskadelik gestel het, was die mense wat hom gebou het. Baie van hulle het ook medaljes gekry daarvoor. |
| De Wet | Maar dit was nooit bekend geraak nie. |
| Joppie | Sal mos nie want propaganda is propaganda. |
| De Wet | Praat ons van George Hammond en sy manne. |
| Joppie | Mmmm. Ja. En die manier wat hy gesê het hoe hy hom ontlont het wat vir my baie funny was met die kursus het hy gesê jy doen dit nie. Vat al die drade alles saam en knip dit een slag af nie. Met die kanse van 'n kortsluiting want jy weet nie waar kom die krag vandaan nie, dan nou hoekom gaan jy dit dan doen. Dit was al uitweg want die tyd was min. al wat jy doen is jy haal die tydskakelaar af en dit is so maklik soos dit. Jy vat die kragbron weg so dis voor die hand liggend. |